

JEUG ALPHA: Sessie 4 – Hoe kan ek geloof hê?

1. PRAISE AND WORSHIP

2. YSBREKER:

- Leiers gaan kombuis toe waar elkeen 'n skinkbord kry met drie glasies koeldrank.
- Die een is Coke; die ander Pepsi en die ander Cola Twizza.
- Elke kind kry 'n strooitjie en moet proe aan elke glasie en besluit watter koeldrank is watter.

3. PROCESS YSBREKER:

- 🎬 Al het ons self dinge probeer en geproe kan dit soms moeilik wees om verseker te wees van wat ons proe. Is dit die “regte ding” of is dit 'n namaaksel?
- 🎬 Sommige mense voel so oor hulle geloof – oor Christenskap. Ons het almal verkillende ervarings, so hoe kan ons seker wees van ons geloof?
- 🎬 God het dit moontlik vir ons gemaak om seker te wees (2 Kor 5:17 – Iemand wat aan Christus behoort is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom)

4. INLEIDING:

Die oefening wat ons so pas gedoen het kan jou moontlik laat wonder: “Dit is moeilik om van enige iets absoluut seker te wees, is dit nie?” Nietemin vandag gaan ons praat oor hoe dit moontlik is om absoluut seker te wees van ons geloof.

5. VIDEO CLIP:

Vrae tydens die video clip

(hierdie vrae word tydens die video clip gevra en deur die groepe beantwoord)

Vraag 1: What kind of club would you start or join?

(Watter soort klub sal jy graag aan wil behoort, of begin?)

Vraag 2: What do you think about christianity being described in term of a relationship with God?

(Hoe voel jy daaroor dat christenskap beskryf word as 'n verhouding met God?)

- Wat is van die eienskappe van 'n goeie verhouding?
- Hoe sal 'n verhouding met God anders wees as 'n verhouding met een van die mense in jou lewe?

Vraag 3: If the pool represents a relationship with God, which character do you identify with the most? *(As die swembad in die prent jou verhouding met God verteenwoordig, watter karakter sal jy sê is jy?)*

- Wat van hierdie karakter staan die meeste vir jou uit?
- As jy nog 'n karakter kon bysit om jou verhouding met God te verteenwoordig, hoe sal dit wees.

6. **DRIE- EENHEID**: Kamara Tripod met bene opgetrek

- 🎬 Christene glo dat God beide drie en een is – Een God maar drie persone
- 🎬 Hy word genoem die: Drie-eenheid
- 🎬 Elke lid van die Drie-eenheid – Vader, Seun en Heilige gees – het 'n rol om te speel om ons te help om seker te wees van ons geloof. Dit is asof elkeen van hulle een been van die tripod voorstel.

7. **GROEPWERK**:

Vrae in die groepe:

1. Wat sal jy antwoord op 'n vraelys wat vra: "Wat is jou geloof?"
2. In wie of wat het jy geloof? Hoe voel jy oor geloof?
3. Hoe belangrik is gevoelens in ons elke dag se lewens?
4. Kan jy jou gevoelens vertrou in die neem van besluite of is daar meer betrokke?
5. Hoe voel jy oor die beloftes wat God maak in die Bybel,? Soos die volgende:
 - *Dat hy in ons lewens sal kom wanneer ons hom vra*
 - *Dat hy altyd saam met ons sal wees*
 - *Dat hy ons ewige lewe sal gee*
6. Vertrou jy wat die Bybel sê?
7. Is dit veiliger om op God se beloftes in the Bybel te vertrou of om op ons veranderende gevoelens te vertrou?
8. Stem jy saam dat geloof in God "n leap of faith is"?
9. Die wete dat JESUS vir jou sonde gesterf het, verander dit hoe jy voel oor geloof?
10. Hoe voel jy oor die idee dat God se Gees in jou kan woon?
11. Hoe sterk voel jou verhouding met God?

8. **OPSOMMING**:

- 🎬 Om 'n Christen te word moet jy geloof hê, maar nie blinde geloof nie.
- 🎬 Ons kan die beloftes van God in die Bybel vertrou,
- 🎬 Ons kan na die kruis kyk en sy liefde vir ons sien en ons kan weet dat God deur sy Heilige Gees binne ons woon.

9. **SLUIT AF MET GEBED**